- (a) shall be calculated with reference to the total proposed expenditure to be funded by the additional rate in the term budget for the relevant period, as may be amended in accordance with section 15(5); and
 - (b) may differentiate between categories of rateable property, as contemplated in section 8 of the MPRA.
- (3) The Council may exempt one or more categories of ARPs from the additional rate obligation, as contemplated in the MPRA and the Rates Policy.
- (4) The additional rate due is a debt due to the City and is payable and shall be collected in the same manner as other property rates imposed by the Council.

Paying Over the Additional Rate

23. (1) Subject to subsection (7), the City shall make monthly payments, on or about the 25th day of each month, to the management body of one twelfth of the CID budget, as approved by Council for that financial year, less the contribution to the rolling bad debt reserve contemplated in subsection (3);
- (2) The City will create and maintain a rolling bad debt reserve to -
- (a) mitigate the risk of any shortfall arising from non-payment of the additional rate by property owners;
 - (b) fund a provision for bad debt; and
 - (c) fund any shortfall due to an under-billing as a result of a decrease in the total valuation base.
- (3) The City shall keep an amount equal to 3% of the monthly budgeted amount due to the management body in the rolling bad debt reserve, subject to the City's discretion to adjust such percentage in the event of financial distress of the management body or in an event of material arrears in additional rate payments.
- (4) In the event the management body is in default of its reporting and compliance obligations under Chapters 5 and 6, and notwithstanding the provisions of subsections (1) - (3), the City may withhold any payment due under subsection (1) until such time as the relevant default has been remedied to the satisfaction of the Executive Director.
- (5) Any additional rate billing surplus or deficit shall be offset against the rolling bad debt reserve for that financial year.
- (6) In the event that the rolling bad debt reserve exceeds the accumulated arrears at the end of a financial year, 75 percent of such excess amount shall be paid by the City to the management body by 30 September of the following financial year, and shall be treated as additional income.
- (7) No payments under subsection (1) shall be made without a finance agreement concluded between the City and the management body, regulating *inter alia*-
- (a) the mechanisms and manner of payments to the management body; and
 - (b) the terms on which payments to the management body are to be made.

Expenditure

24. (1) The management body must expend funds, regardless of whether such funds derive from the additional rate, commercial activities, donations, or any other sources, solely upon services, projects or activities that provide a benefit, accruing principally to the CID and subject to section 15(1).
- (2) When entering into contracts with third parties, the management body shall-
- (a) observe the procurement principles enshrined in section 217 of the Constitution; and
 - (b) ensure that the City is not liable for any obligations of the management body.

CHAPTER 8**AMENDMENT TO THE BUSINESS PLAN AND TERM EXTENSION****Permissible amendments to the business plan without further consent**

25. (1) Subject to subsection (2) to (4), the business plan may be amended by the Executive Director, at the request of the board of the management body, without further consent of the ARPs, if the business plan includes a provision expressly permitting same.
- (2) Amendments contemplated in subsection (1) may not materially-
- (a) alter the geographic boundaries of the CID;
 - (b) vary the terms of liability for, or the amount of, the additional rate;
 - (c) increase the approved total expenditure to be funded by the additional rate (excluding funds generated by other means as contemplated in section 4(1)(b)), for the relevant financial year in terms of the term budget, unless such increase:
 - (i) is directly attributable to property development(s) within the CID, substantially increasing the number of ARPs; and
 - (ii) is borne by the new ARPs of such development;
 - (d) alter the scope or level of services performed by the management body.
- (3) The board must give written notice of the proposed application to the Executive Director to amend the business plan in accordance with the procedure prescribed in its business plan under item 1(e) of Schedule 1 to this By-law.

- (4) Applications for amendment submitted to the Executive Director in terms of subsection (1) shall be-
 - (a) in writing and in the form required by the Executive Director;
 - (b) accompanied by:
 - (i) a resolution of the board of the management body or a resolution from a members' meeting authorising the application;
 - (ii) proof of the written notice required under subsection (3); and
 - (iii) any administrative fee as may be recommended by the Executive Director for approval by Council.
- (5) The Executive Director may approve the application if he or she is satisfied that-
 - (a) the board of the management body has complied with the requirements under this section; and
 - (b) the application is in the public interest, considering *inter alia* the objectives and principles articulated in section 3.

Amendments to the business plan requiring further consent

26. (1) A management body may apply to Council in terms of subsection (2) to materially alter their business plan in the following respects:
- (a) business plan provisions not included in section 25;
 - (b) any liability for, or the amount of, the additional rate;
 - (c) any material increase in the total expenditure to be funded by the additional rate for the relevant financial year, as provided for in the term budget other than an increase as contemplated in section 25(2)(c);
 - (d) the scope or level of services or projects carried out by the management body; or
 - (e) expansion of the CID's geographic area.
- (2) Any application to amend a CID's business plan as contemplated in subsection (1), shall be dealt with as follows-
- (a) Before commencing with any application as contemplated in subsection 1(e), the Executive Director must be satisfied that the proposed new area for expansion has averaged a collection ratio required under section 5(2). The Executive Director may however exercise his or her discretion in

accordance with section 5(3) to adjust the minimum collection ratio;

- (b) The proposed amendment shall be approved at a members' meeting of the management body convened in accordance with section 10;
- (c) The management body must publish the resolution contemplated in subsection (2)(b) on the CID's website within 10 days of the relevant members' meeting;
- (d) The management body must comply with the public participation requirements in terms of section 6(2) – (4), within 45 days of the members' resolution,
- (e) The management body must convene a public meeting to consult on the proposed application for amendment within 90 days of the members' resolution.
- (f) The management body must give written notice of the public meeting to the local community, ARPs, and proposed ARPs in the case of a proposed expansion under subsection (1)(e) in accordance with the procedure required under sections 6(5) – (9). The written notice must-
 - (i) contain a copy or summary of the resolution contemplated in subsection (2)(b);
 - (ii) notify ARPs of the right to object, in writing, on the prescribed forms, within 30 days of conclusion of the public meeting to the management body; and
 - (iii) record that the Council may approve the amendment if written objections are not received from at least:
 - (aa) 40% of ARPs in a residential CID; or
 - (bb) 50% plus 1 of ARPs in any other sub-category of CID;
- (g) The management body must provide the local community, ARPs and proposed ARPs (if applicable), with a 30 day comment period after the public meeting as contemplated in section 6(10), which comments shall be recorded in the application for amendment in accordance with section 6(13);
- (h) Where the management body makes any material amendments to the application for amendment pursuant to the written comments referred to in subsection (2)(g), the management body shall convene a further public meeting in accordance with the procedure contemplated in section 6(12) - (15);

- (i) In the case of a proposed expansion under subsection (1)(e), the management body must, after the conclusion of the public meeting contemplated in subsections (2)(e) or (2)(h), elicit the written consent of the majority of the proposed ARPs as contemplated in section 5(5);
 - (j) Where fewer than the requisite number of ARPs, as contemplated in subsection (2)(f)(iii), submit written objections to the management body within the relevant 30-day time period, the management body must submit the application for amendment to Council in accordance with subsection (5). This application must be submitted not more than 90 days after the date on which the public meeting is held, or within such further period as the Executive Director may approve.
- (3) The management body must submit an application for amendment to Council -
 - (a) in writing and in the form as the Executive Director may determine;
 - (b) not more than 90 days after the date on which the public meeting is held, or within such further period as the Executive Director may approve;
 - (c) accompanied by:
 - (i) the amended business plan which must comply with the content requirements of Schedule 1 to this By-law and must clearly identify the proposed amendments;
 - (ii) any comments received following the public meeting held in terms of subsection (2)(g), read together with section 6(10) and (11);
 - (iii) in the case of an application for expansion contemplated in subsection (1)(e):
 - (aa) any written objections received from ARPs as contemplated in subsections (2)(f)(ii); and
 - (bb) the written consent from proposed ARPs as contemplated in subsection (2)(i); and
 - (iv) any administrative fee as may be recommended by the Executive Director for approval by Council.
- (4) The Council may approve an application for amendment, if it is satisfied that-
 - (a) the management body has complied with the public participation and consent procedure under subsection (2);

- (b) in the case of a proposed expansion as contemplated in subsection (1)(e)-
 - (i) the requisite number of ARPs have not filed written objections as contemplated in subsections (2)(f)(iii); and
 - (ii) the proposed ARPs have averaged a collection ratio of at least 95% during the immediately preceding 12-month period in accordance with such procedure as may be prescribed under the Policy, or such lesser percentage as the Executive Director may deem appropriate considering *inter alia* the factors listed in section 5(3); and
- (c) the proposed amendment is in the public interest, considering *inter alia* the objectives and principles articulated in section 3.

Extension of the CID term

27. (1) Subject to subsections (2) and (3), the Council may renew a CID term for a period not exceeding five years, on written application by the management body;
- (2) The management body may apply for an extension of the CID term as follows:
- (a) Prepare a written application as contemplated in section 5(9);
 - (b) Notify members of the management body, ARPs and the local community of the application when giving written notice of the management body's final AGM of its 5-year term, specifying that:
 - (i) the application is available for inspection at the management body's offices, the office of the Executive Director and is published on the management body's website;
 - (ii) a resolution to lodge the application will be considered at the AGM;
 - (iii) in the event the resolution contemplated in subsection (2)(b)(ii) is approved:
 - (aa) any ARP opposed to the application shall submit a written objection to the management body within 30 days of the conclusion of the AGM on forms accompanying the notice or otherwise made available by the management body;

- (bb) the Council may approve the application if written objections are not received from at least 40% of ARPs in a residential CID or 51% of ARPs in any other sub-category of CID; and
 - (cc) members of the local community shall submit any comments in writing to the secretary of the management body within 30 days of the conclusion of the AGM.
- (c) In the event that the management body makes any material amendments to the business plan after the AGM, the management body must convene a further members' meeting in accordance with the notice requirements in subsection (2)(b) for purposes of approving the amended business plan and soliciting written objections and comment as contemplated in subsection (2)(b)(iii) (with the changes required by the context).
- (d) In the event that the resolution contemplated in subsection 2(b)(ii) is adopted and less than the required number of ARPs submit written objections, the management body must submit the following to the Executive Director by no later than 31 January of any calendar year-
 - (i) the application as required in subsection (2)(a);
 - (ii) the business plan, which shall comply with the content requirements of Schedule 1 to this By-law;
 - (iii) a copy of the written notice as required in subsection (2)(b);
 - (iv) any written objections of ARPs received in terms of subsection (2)(b)(iii)(aa);
 - (v) a summary of any comments received by the management body from the local community as contemplated in subsection (2)(b)(iii)(cc), in accordance with section 6(11);
 - (vi) the draft minutes of the AGM; and
 - (vii) any administrative fee as may be recommended by the Executive Director for approval by Council.

- (3) At a meeting of Council convened as soon as duly possible after submission of the application, the Council-
- (a) shall determine whether -
 - (i) the application complies with the requirements of section 5 (with the changes required by the context), and subsection 2(d); and
 - (ii) the management body has given notice of the application as required under subsection (2)(b);
 - (b) shall reject the application in the event of -
 - (i) material non-compliance with the procedural requirements of section 5, subsection (2)(b) or subsection (2)(c); or
 - (ii) the requisite number of ARPs as contemplated in subsection (2)(b)(iii)(bb) submitting written objections to the application in accordance with subsection 2(b)(iii)(aa);
 - (c) may approve the application, with or without amendments; and
 - (d) may refer the application back to the management body for any amendments to the business plan that the Council considers necessary in light of the principles in section 3(2).
- (4) Council may consider amended applications submitted for the extension of the CID term following a refusal or referral under subsection (3)(b) or (3)(d), provided that-
- (a) the amended application is submitted before the expiry of the CID's term;
 - (b) the application has been appropriately amended in light of the reasons for refusal or referral;
 - (c) to the extent there are any material amendments to the business plan:
 - (i) the management body convened a members' meeting in accordance with the procedure under subsection 2(b); and
 - (ii) the application complies with the requirements of section 5 and subsection 2(d).

CHAPTER 9 DISSOLUTION OF A CID

Dissolution

28. (1) The Council may dissolve a CID:-
- (a) upon written application signed by the majority of owners within the boundaries of the CID who are liable for paying the additional rate;
 - (b) when a special resolution is passed at a members' meeting approving the voluntary winding up of the NPC as contemplated in section 80(1) of the Companies Act;
- or
- (c) for any good cause, after prior consultation by the Executive Director with the management body and the local community.
- (2) Upon the winding-up of a management body, the entire net value of the management body, including its net assets remaining after the satisfaction of all its liabilities, shall be disposed of in terms of the relevant provisions of the Companies Act and the memorandum of incorporation of the management body.

CHAPTER 10 MISCELLANEOUS PROVISIONS

Delegation

29. The Executive Director may delegate any power, function or duty vested in him or her in terms of this By-law to a member of the municipal staff.

Transitional Provisions

30. (1) Any Special Rating Area or CID determined or established, or deemed to have been determined or established in terms of the By-law referred to in Section 31 shall be deemed to have been determined or established in terms of this By-law.
- (2) Subject to subsection (3), applications for the establishment of a special rating area in respect of which an applicant has given notice of public meetings as contemplated in section 6(2) of the By-law referred to in Section 31 prior to the commencement of this By-law, shall be concluded, submitted and decided in accordance with sections 3 – 8 of the former By-law, notwithstanding repeal thereof.
- (3) Any Special Rating Area or CID determined in terms of section 8 of the By-law referred to in Section 31 pursuant to an application

process contemplated in subsection (2), shall be deemed to have been established in terms of, and be governed by, the provisions of this By-law.

- (4) No Special Rating Area or CID established under the By-law referred to in section 31 may apply for amendment of its business plan in accordance with the procedure provided for under section 25, unless the provisions contemplated in section 25(1) are included in a new business plan in the course of a term extension under section 27.

Repeal of By-laws

31. The following By-laws are hereby repealed -

(a) The City of Cape Town: Special Rating Area By-law, published in Provincial Gazette No. 7051 of 20 July 2012; and

(b) The City of Cape Town: Special Rating Area Amendment By-law, published in Provincial Gazette No. 7578 of 4 March 2016.

Short title and commencement

32. (1) This By-law is called the City of Cape Town: City Improvement District By-law, 2023.

SCHEDULE 1: CONTENTS OF BUSINESS PLAN

Any application for the establishment of a CID must include a business plan, which shall include:

- (1) A motivation report, consisting of -
 - (a) An introduction-
 - (i) identifying the name of the proposed district;
 - (ii) specifying the applicant's name and providing an address for delivery of any notices to the applicant in respect of the application;
 - (iii) describing the geographical area of the proposed CID, including a diagram depicting the street boundaries;
 - (iv) providing an overview of the strategic objectives of the proposed CID's management body, as they pertain to-
 - (aa) improving public safety;
 - (bb) maintenance and cleansing;
 - (cc) environmental development, including but not limited to beautifying and upgrading public areas and facilities; and
 - (dd) promoting social and economic development in an environmentally sustainable manner; and
 - (v) listing the core values of the management body of the proposed CID.
 - (b) A discussion of the proposed services and projects in respect of each strategic objective contemplated in item 1(a)(iv) above, which must-
 - (i) describe the proposed services and projects and the activities forming part thereof;
 - (ii) identify the area within the proposed boundaries of the CID where the improvements and upgrades will be carried out;
 - (iii) provide their total estimated costs over the term of the CID;
 - (iv) motivate the allocation of resources to any specific area contemplated in item (1)(b)(ii) in the event any improvement and upgrades will not be uniformly carried out in the proposed CID as a whole; and
 - (v) demonstrate how the proposed improvements and upgrades are consistent with the municipality's Integrated Development Plan and with section 22(4) of the Property Rates Act.

- (c) A discussion of the financial impact of the CID-
 - (i) the specified category/categories of ARPs, liable for paying the additional rate (e.g. residential, non-residential);
 - (ii) an explanation of how the amount of the additional rate is to be calculated in respect of the first year of the CID term, illustrated by reference to representative examples of typical valuations in the district;
 - (iii) reference to the possibility of year-on-year increases or decreases in the additional rate during the second to fifth years of the CID term, accompanied by-
 - (aa) an explanation of the basis of the calculation of potential variations with reference to the term budget (e.g. variations in the municipal rates base of the district pursuant to municipal valuations; inflation; increases expressly provided for in the term budget, as well as additional developments in the district);
 - (bb) an explanation of the guidelines in the Policy governing caps on the maximum amount of the additional rate as a percentage of the municipal rate in any financial year, and how that bears upon any year-on-year increase; and
 - (cc) criteria for exemptions from the additional rate liability under the Rates Policy.
 - (d) The proposed management structure of the NPC;
 - (e) A statement as to whether any of the provisions of the business plan may be amended by Executive Director on recommendation of the board as contemplated in section 25, without written consent of a majority of the ARP's, and, if so:
 - (i) which of the provisions of the business plan may be so altered; and
 - (ii) the consultation and notification procedure to be followed prior to making such application to the Council.
 - (f) A list of all rateable properties within the proposed CID, detailing:
 - (i) the address of each proposed ARP; and
 - (ii) the City's categorisation of each property in terms of section 8 of the MPRA.
- (2) An implementation plan in the form of a schedule covering the 5-year term, listing the following in respect of each strategic objective contemplated in item (1)(a)(iv) above:
- (a) proposed practical measures to achieve the relevant strategic objective;

- (b) key performance indicators in respect of each measure;
 - (c) projected commencement and completion dates of each measure; and
 - (d) the persons or bodies responsible for the effective implementation of each measure.
- (3) A term budget, estimating the predicted revenue and expenditure of the CID over the duration of the 5-year term and the contingency margin provided for, including, but not limited to:
 - (a) Estimated revenues (excluding interest);
 - (b) Estimated expenditure, which must disclose the contingency margin included in the cost calculations for expenditure other than the items listed in sub-items (vii) – (ix), including but not limited to:
 - (i) Employee-related expenditure;
 - (ii) Core business related expenditure;
 - (iii) Repairs and maintenance of assets;
 - (iv) General expenditure arising from all other planned operations, such as cost of outsourcing administration and management functions;
 - (v) Individual costs for each proposed project;
 - (vi) Capital expenditure;
 - (vii) Interest and redemption costs;
 - (viii) Depreciation of assets; and
 - (ix) Provision for a rolling bad debt reserve contribution.
- (4) The following annexures:
 - (a) The approved public participation plan contemplated in section 6(2);
 - (b) In respect of the public meetings convened in terms of section 6 and section 25, as well as AGMs convened in terms of section 26:
 - (i) proof of notice of the meetings to proposed ARPs and the local community; and
 - (ii) the agendas and minutes;
 - (c) The table of comments received during the public participation process in terms of section 6, 25 and 26;
 - (d) The written consent of the proposed ARPs, whether in respect of an application under section 5 or 26.



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Making progress possible. Together.

VERORDENING OP STADSVERBETERINGSDISTRIKTE

STAD KAAPSTAD**VERORDENING OP STADSVERBETERINGSDISTRIKTE****INDELING VAN ARTIKELS****HOOFSTUK 1****WOORDOMSKRYWING, VERTOLKING EN DOELWITTE**

- 1 Woordoms krywing
- 2 Vertolking
- 3 Doelwitte en beginsels

HOOFSTUK 2**BEPALING VAN 'N STADSVERBETERINGSDISTRIK**

- 4 Bepaling
- 5 Aansoek
- 6 Openbare deelname
- 7 Besluitneming

HOOFSTUK 3**DIE BESTUURSLIGGAAM**

- 8 Bestuursliggaamvereistes
- 9 Lidmaatskap
- 10 Lede vergaderings
- 11 Deursigtigheid

HOOFSTUK 4**DIREKSIE VAN DIE BESTUURSLIGGAAM**

- 12 Korporatiewe beamptes
- 13 Gedragskode

HOOFSTUK 5**FINANSIËLE VEREISTES**

- 14 Boekjaar
- 15 Jaarbegroting
- 16 Aansuiweringsbegroting
- 17 Finansiële bestuur en verslagdoening
- 18 Jaarverslag
- 19 Ander verslagdoeningsvereistes

HOOFSTUK 6 TOESIG DEUR DIE STAD

- 20 Algemeen
- 21 Direksiewaarnemers

HOOFSTUK 7 DIE BYKOMENDE BELASTING

- 22 Heffing van die bykomende belasting
- 23 Oorbetaling van die bykomende belasting
- 24 Uitgawes

HOOFSTUK 8 WYSIGING VAN SAKEPLAN, EN VERLENGING VAN TERMYN

- 25 Toelaatbare wysigings aan die sakeplan sonder verdere toestemming
- 26 Wysigings aan die sakeplan wat verdere toestemming vereis
- 27 Verlenging van die termyn van 'n stadsverbeteringsdistrik

HOOFSTUK 9 ONTBINDING VAN 'N STADSVERBETERINGSDISTRIK

- 28 Ontbinding

HOOFSTUK 10 DIVERSE BEPALINGS

- 29 Delegasie
- 30 Oorgangsbepalings
- 31 Herroeping van verordeninge
- 32 Kort titel en inwerkingtreding

- Bylae 1 Inhoud van die sakeplan

Om bepalings neer te lê vir die instelling van stadsverbeteringsdistrikte, vir bykomende belasting, en vir aangeleenthede wat daarmee gepaardgaan.

Die Stad Kaapstad verorden hiermee soos volg: -

**HOOFSTUK 1
WOORDOMSKRYWING, VERTOLKING EN DOELWITTE**

Woordomskrywing

1. In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, het die woorde of uitdrukkings hier onder die aangeduide betekenis —

“aansoeker” beteken enige eienaar of wettig afgevaardigde verteenwoordiger van ’n belasbare eiendom binne die grense van ’n voorgestelde stadsverbeteringsdistrik wat aansoek doen om die bepaling van ’n spesiale-aanslaggebied ooreenkomstig die bepalings van hoofstuk 2;

“akte van oprigting” beteken die dokument, sowel as enige moontlike wysigings daaraan, wat die regte, verpligtinge en verantwoordelikhede van aandeelhouders, direkteure en andere in en met betrekking tot ’n stadsverbeteringsdistrikmaatskappy uiteensit, sowel as ander aangeleenthede wat in artikel 1 en 15 van die Maatskappywet beoog word;

“belasbare eiendom” beteken dieselfde as in artikel 1 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting;

“belasting” beteken dieselfde as in artikel 1 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting;

“belastingbasiswaarde”, met betrekking tot ’n voorgestelde of bestaande stadsverbeteringsdistrik, beteken die totale munisipale waarde van alle belasbare eiendomme van BBB’s of voorgestelde BBB’s binne die geografiese grense van sodanige distrik, soos bepaal deur ’n algemene waardasie ingevolge artikel 30 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting;

“beleid” beteken die Stad se beleid oor stadsverbeteringsdistrikte;

“bestuursliggaam” beteken die bestuursliggaam van ’n stadsverbeteringsdistrik, welke liggaam ’n maatskappy sonder winsoogmerk (MSW) moet wees wat ingevolge die Maatskappywet opgerig word, soos wat artikel 8 van hierdie verordening beoog;

“bykomende belasting” beteken ’n bykomende belasting wat in artikel 22 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting en artikel 22 van hierdie verordening beoog word;

“bykomendebelastingbetaler” of **“BBB”**, ten opsigte van ’n stadsverbeteringsdistrik, beteken die eienaar van ’n belasbare eiendom in die spesiale-aanslaggebied wat aanspreeklik is om die bykomende belasting te betaal;

“**CIPC**” beteken die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom wat ingevolge artikel 185 van die Maatskappyywet tot stand gebring is;

“**dae**” beteken kalenderdae, wat openbare vakansiedae en die dag van die eerste gebeurtenis uitsluit, maar die dag van die tweede gebeurtenis insluit;

“**deurlopende reserwe vir oninbare skuld**” beteken die gedeelte van die bykomende belasting waarna artikel 23(3) verwys wat die Stad ten tyde van die maandelikse oorbetalings ingevolge artikel 23(1) terughou as voorsiening vir oninbare skuld en heffingstekorte, en wat ooreenkomstig artikel 23(6) aan die stadsverbeteringsdistrik beskikbaar gestel sal word;

“**direksie**” beteken die direksie van die bestuursliggaam van ’n stadsverbeteringsdistrik soos wat artikel 66 van die Maatskappyywet beoog;

“**direksiewaarnemer**”, tensy uit die samehang anders blyk, beteken ’n raadslid of plaasvervangende raadslid wat die uitvoerende burgemeester ooreenkomstig artikel 21 aanwys om die direksievergaderings van die stadsverbeteringsdistrik se bestuursliggaam as waarnemer by te woon;

“**direksiewaarnemerooreenkoms**” beteken die ooreenkoms tussen die stadsverbeteringsdistrik en die aangewese direksiewaarnemer wat onder meer albei partye se regte en verpligtinge in die strewe na sterker goeie regeringsbestuursmeganismes uiteensit;

“**distrik**” beteken die spesiale-aanslaggebied wat die Raad ingevolge artikel 22 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting goedgekeur het;

“**eienaar**” beteken dieselfde as in artikel 1 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting;

“**eiendom**” beteken dieselfde as in artikel 1 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting;

“**eiendomsbelastingbeleid**” beteken die Stad se beleid oor die heffing van belasting op belasbare eiendomme binne die munisipaliteit se geografiese grense wat ingevolge artikel 3 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting opgestel is, sowel as enige moontlike wysigings aan die beleid;

“**finansieringsooreenkoms**” beteken die ooreenkoms tussen die Stad en die bestuursliggaam van ’n stadsverbeteringsdistrik wat bepalinge neerlê vir die vasstelling en oorbetalings van die bykomende belasting deur die Stad, en finansiële toesig oor die bestuursliggaam;

“**gemeenskaplike beheer**”, met betrekking tot twee of meer regsliggame wat vir lidmaatskap van die bestuursliggaam van ’n stadsverbeteringsdistrik in aanmerking kom, beteken beheer deur ’n persoon -

- (a) wat die begunstigde eienaar is van meer as die helfte van die uitgereikte aandelekapitaal van elke liggaam;

- (b) wat daarop geregtig is om die meerderheid van die stemme uit te bring wat by 'n algemene vergadering van elke liggaam uitgebring mag word, of wat oor die vermoë beskik om die uitbring van 'n meerderheid van daardie stemme te beheer, hetsy direk of deur 'n beheerde entiteit van daardie persoon;
- (c) wat 'n meerderheid van die direkteure van elke liggaam kan aanstel of hulle aanstelling kan veto;
- (d) wat 'n beheermaatskappy is, en elke liggaam is 'n filiaal van daardie maatskappy;
- (e) wat, in geval van 'n trust, oor die vermoë beskik om die meerderheid van die trustees se stemme te beheer, die meerderheid van die trustees aan te stel, of die meerderheid van die begunstigdes van die trusts aan te stel of te verander;
- (f) wat, in geval van 'n beslote korporasie, die meerderheid van die lede se belange besit of die stemme van die meerderheid van die lede in die beslote korporasie direk beheer of die reg het om dit direk te beheer; of
- (g) wat die beleid van die liggame wesenlik kan beïnvloed op 'n manier wat vergelyk kan word met 'n persoon wat in die gewone kommersiële praktyk 'n element van beheer soos in paragraaf (a) tot (f) van hierdie omskrywing kan uitoefen;

“**gemeenskaplike besit**”, met betrekking tot twee of meer regsliggame wat vir lidmaatskap van 'n stadsverbeteringsdistrik in aanmerking kom, beteken meer as 50% besit van elke sodanige liggaam deur enige persoon;

“**Grondwet**” beteken die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

“**hoofdireksiewaarnemer**” beteken enige raadslid wat die uitvoerende burgemeester ingevolge artikel 21 as hoofdireksiewaarnemer aanwys, wie se hoofverpligting dit is om die direksievergaderings van die stadsverbeteringsdistrik se bestuursliggaam as waarnemer by te woon;

“**invorderingsverhouding**”, ten opsigte van 'n voorgestelde stadsverbeteringsdistrik, is 'n maatstaf van hoeveel van die inkomste wat die Stad gedurende 'n tydperk van 12 maande faktureer in daardie 12 maande ingevorder word;

“**jaarbegroting**” beteken 'n begroting van die bestuursliggaam van 'n stadsverbeteringsdistrik wat deur die Raad goedgekeur is, met inbegrip van 'n jaarbegroting wat ingevolge onderskeidelik artikel 15 en 16 deur 'n aansuiweringsbegroting hersien is;

“**jaarverslag**”, ten opsigte van die bestuursliggaam van 'n stadsverbeteringsdistrik, beteken 'n jaarverslag soos wat artikel 18 beoog;

“**kwartaal**” beteken enige van die volgende tydperke in 'n boekjaar:

- (a) 1 Julie tot 30 September;
- (b) 1 Oktober tot 31 Desember;
- (c) 1 Januarie tot 31 Maart; of
- (d) 1 April tot 30 Junie;

“**ledevergadering**”, met betrekking tot ’n stadsverbeteringsdistrik, beteken ’n vergadering van die lede van die bestuursliggaam van ’n stadsverbeteringsdistrik soos wat die Maatskappywet beoog, en sluit die algemene jaarvergadering in;

“**Maatskappywet**” beteken die Maatskappywet, Wet 71 van 2008;

“**meerderheid**” beteken die meerderheid soos wat artikel 5(5) bepaal;

“**MSW**” beteken ’n maatskappy sonder winsoogmerk wat ingevolge die Maatskappywet opgerig is;

“**nieresidensiële eiendom**” beteken dieselfde as in die beleid op eiendomsbelasting;

“**omheinde ontwikkeling**” beteken ’n omheinde gemeenskap, nedersetting of ontwikkeling soos wat die Stad se beleid oor omheinde ontwikkelings dit omskryf;

“**openbare ruimte**” beteken grond (wat die geboue of infrastruktuur daarop insluit) in die Stad of ’n ander staatsorgaan se besit wat die Raad ter wille van die publiek beheer of bestuur, wat onder meer insluit padreserwes, openbare paaie, openbare strate, en grond wat vir rekreasiedoeleindes of maatskaplike dienste gebruik word;

“**ouditeur**” beteken ’n individu of firma wat by die Onafhanklike Reguleringsraad vir Ouditeure (IRBA) as ouditeur geregistreer is;

“**persoonlike inligting**” beteken dieselfde as in artikel 1 van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013;

“**plaaslike gemeenskap**”, met betrekking tot ’n stadsverbeteringsdistrik -

beteken ’n groep persone wat uit individue van een of meer van die volgende kategorieë bestaan –

- (a) eiendomseienaars in die distrik, ongeag of hulle vir die betaling van die bykomende belasting aanspreeklik sal wees;
- (b) inwoners van die distrik;
- (c) huurders en beheerliggame in die distrik;
- (d) enige burgerlike organisasies en nieregerings-, privaatsektor- of arbeidsorganisasies of -liggame wat betrokke is by plaaslike sake in die distrik en deur die voorgestelde verbetering of opknapping van die distrik geraak sal word;

“**plaasvervangende direksiewaarnemer**” beteken enige raadslid wat die uitvoerende burgemeester ingevolge artikel 21 aanwys om die direksievergaderings van die stadsverbeteringsdistrik se bestuursliggaam as waarnemer in die plek van ’n hoofdireksiewaarnemer by te woon;

“**Raad**” beteken die Raad van die Stad;

“residensiële eiendom” beteken dieselfde as in die beleid op eiendomsbelasting;

“residensiële verbeteringsdistrik” beteken ’n tipe stadsverbeteringsdistrik waarin die bykomende belasting slegs op belasbare residensiële eiendomme gehef word, in pas met die betekenis wat die beleid op eiendomsbelasting beoog;

“sakeplan” beteken die saamgestelde dokument wat ten minste die inhoud wat in bylae 1 gelys word, moet bevat;

“sakeverbeteringsdistrik” beteken ’n tipe stadsverbeteringsdistrik waarin ’n bykomende belasting gehef word op belasbare nieresidensiële eiendomme binne die grense van die distrik, soos wat die beleid op eiendomsbelastingbeleid beoog;

“skriftelike kennisgewing” beteken ’n kennisgewing in skriftelike vorm, wat onder meer insluit e-pos, handaflewering, sosiale media, advertensies, webtuistes en gewone pos;

“spesiale-aanslaggebied” beteken ’n geografiese gebied binne die Stad se regsbevoegdheid wat die Raad ingevolge artikel 22 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting aanwys vir die heffing van ’n bykomende belasting op belasbare eiendomme binne die grense van sodanige gebied ten einde die gebied te verbeter en op te knap, en wat in hierdie verordening ’n stadsverbeteringsdistrik genoem word;

“Stad” beteken die Stad Kaapstad, ’n munisipaliteit wat ingestel is deur die Stad Kaapstad-stigtingskennisgewing no. 479 van 22 September 2000, wat ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998, uitgereik is, of enige struktuur of werknemer van die Stad wat ingevolge gedelegeerde bevoegdheid optree;

“stadsverbeteringsdistrik” beteken ’n omliggende geografiese gebied wat deur die Raad aangewys is vir die heffing van ’n bykomende belasting op belasbare eiendomme binne die grense van die gebied om verbeteringe aan en opknappings van die openbare ruimtes in die distrik te finansier;

“Stelselswet” beteken die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000;

“termynbegroting” beteken die begroting van die bestuursliggaam vir die vyfjaartermyn van ’n stadsverbeteringsdistrik, welke begroting deel uitmaak van die sakeplan wat in bylae 1 by hierdie verordening beskryf word;

“uitvoerende direkteur” beteken die amptenaar met verantwoordelikheid vir stadsverbeteringsdistrikte wat ingevolge artikel 57 van die Stelselswet aangestel is, of sy/haar afgevaardigde;

“verbeteringsdistrik vir gemengde gebruik” beteken ’n tipe stadsverbeteringsdistrik waarin sowel residensiële as nieresidensiële belasbare eiendomme binne die grense van die distrik die bykomende belasting moet betaal, in pas met die betekenis wat die eiendomsbelastingbeleid beoog; en

“voorgestelde bykomendebelastingbetaler” of “voorgestelde BBB” beteken die eienaar van ’n eiendom in ’n geografiese gebied wat die onderwerp is van ’n aansoek om die bepaling van ’n stadsverbeteringsdistrik ingevolge artikel 4, of ’n aansoek om die uitbreiding van ’n bestaande stadsverbeteringsdistrik se geografiese grense ingevolge artikel 26, en wat vir betaling van die bykomende belasting aanspreeklik sal word ingeval die Raad sodanige aansoek goedkeur.

Vertolking

2. (1) In geval van teenstrydigheid met die Afrikaanse of Xhosa-teks, geld die Engelse teks.
- (2) Enige verwysing na ’n beleid van die Stad moet vertolk word as ’n verwysing na sodanige weergawe van die dokument as wat in daardie stadium van krag is.

Doelwitte en beginsels

3. (1) Geen stadsverbeteringsdistrik wat ingevolge hierdie verordening bepaal word, mag sy sakeplan voor 1 Julie 2023 implementeer nie.
- (2) Die doel van hierdie verordening is om ’n raamwerk te voorsien vir die instelling van stadsverbeteringsdistrikte binne die munisipale grense van die Stad, wat insluit die samestelling, bevoegdhede, verantwoordelikhede en finansiering van die bestuurstrukture van stadsverbeteringsdistrikte, en Stadstoesig oor hoe sodanige bestuurstrukture die stadsverbeteringsdistrikte implementeer, en om vir verbandhoudende aangeleenthede voorsiening te maak.
- (3) Die instelling, administrasie en aktiwiteite van ’n stadsverbeteringsdistrik berus op die volgende beginsels:
 - (a) Die instelling van ’n stadsverbeteringsdistrik is ’n gemeenskapsgedrewe inisiatief wat deur die Stad gefasiliteer word.
 - (b) Die Stad hou toesig oor die instelling en bestuur van stadsverbeteringsdistrikte om te sorg dat daar aan alle wets- en beleidsvereistes en goeiebestuursbeginsels voldoen word.
 - (c) ’n Stadsverbeteringsdistrik moet die munisipale dienste wat in artikel 8 van die Stelselwet beoog word, verbeter en aanvul, met ’n bepaalde klem op -
 - (i) die verbetering van openbare veiligheid;
 - (ii) die instandhouding en skoonmaak van openbare gebiede, wat onder meer insluit die skoonmaak van padrande en die opruiming van onwettig gestorte vullis;

- (iii) omgewingsontwikkeling, wat onder meer insluit verfraaiing, vergroening, terreinuitleg, boomaanplanting en opknapping van en in openbare ruimtes; en
 - (iv) die bevordering van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling op 'n omgewingsvolhoubare manier.
- (d) Besteding aan dienste en projekte moet alleenlik tot voordeel wees van openbare ruimtes in die geografiese gebied van die stadsverbeteringsdistrik en mag nie privaat eiendom direk of spesiaal bevoordeel nie.
 - (e) Die regte balans moet gevind word tussen die onderskeie belange en behoeftes van BBB's en die plaaslike gemeenskap in die stadsverbeteringsdistrik.
 - (f) 'n Stadsverbeteringsdistrik moet ekonomiese groei en volhoubare ontwikkeling bevorder om die Stad se oogmerke en ontwikkelingsverpligtinge ooreenkomstig sy geïntegreerde ontwikkelingsplan aan te vul.
 - (g) 'n Stadsverbeteringsdistrik moet stadsvernuwing bevorder deur middel van volhoubare stadsbestuur.
 - (h) Deelname deur alle belangstellende en geaffekteerde partye moet bevorder word in die proses om stadsverbeteringsdistrikte in te stel, te bestuur en te implementeer.
 - (i) 'n Stadsverbeteringsdistrik moet op 'n verantwoordbare, oop en deursigtige manier ingestel, bestuur en geïmplementeer word.

HOOFSTUK 2

BEPALING VAN 'N STADSVERBETERINGSDISTRIK

Bepaling

- 4. (1) Behoudens die bepalings van hierdie hoofstuk, kan die Stad deur 'n Raadsbesluit:
 - (a) 'n gebied binne sy regsbevoegdheid spesifiseer en daardie gebied ooreenkomstig die voorskrifte van artikel 22 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting as 'n stadsverbeteringsdistrik bepaal, op voorwaarde dat -
 - (i) die distrik nie uitsluitlik uit 'n omheinde ontwikkeling mag bestaan nie;
 - (ii) die geografiese grense van die distrik nie enige eiendomme deurkruis nie; en

- (iii) die aanvanklike termyn en enige daaropvolgende hernuwing van die termyn van 'n stadsverbeteringsdistrik vyf jaar is;
 - (b) 'n sakeplan vir die implementering van die stadsverbeteringsdistrik goedkeur, welke plan vir dienste en projekte voorsiening maak. Hierdie dienste en projekte kan ten volle of gedeeltelik gefinansier word deur die bykomende belasting (ingevolge artikel 22 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting) of met geld wat onafhanklik deur kommersiële aktiwiteite, skenkings of op enige ander regmatige manier ingesamel word.
- (2) Die besluit waarna subartikel (1) verwys, word slegs aanvaar indien -
- (a) die aansoeker aan die prosedurele vereistes in artikel 5 en 6 voldoen;
 - (b) die instelling van die stadsverbeteringsdistrik in openbare belang is, met inagneming van onder andere die beginsels en doelwitte in artikel 3; en
 - (c) die dienste en projekte waarna subartikel (1)(b) verwys -
 - (i) met die doelwitte in artikel 3(3)(c) strook;
 - (ii) hoofsaaklik tot voordeel van die stadsverbeteringsdistrik is; en
 - (iii) aanvullend is by die dienste wat die Stad ingevolge artikel 73 van die Stelselwet moet voorsien.

Aansoek

5. (1) Behoudens subartikel (2), kan enige persoon wat 'n belasbare eiendom binne die voorgestelde geografiese grense van 'n stadsverbeteringsdistrik besit 'n aansoek om die bepaling van die stadsverbeteringsdistrik by die Raad indien.
- (2) Voordat die aansoek- en openbaredeelnameproses in artikel 6 aangevoer word, moet die uitvoerende direkteur hom/haar daarvan vergewis dat BBB's in die voorgestelde stadsverbeteringsdistrik gedurende die pas afgelope 12 maande 'n gemiddelde invorderingsverhouding van minstens 95% vir basiese munisipale diensgeld gehandhaaf het.
- (3) Die uitvoerende direkteur kan die vereiste invorderingsverhouding van 95% aanpas met inagneming van onder andere:
- (a) die doelwitte en beginsels van hierdie verordening wat in artikel 3 beskryf word;

- (b) die beoogde voordele vir die plaaslike gemeenskap in die stadsverbeteringsdistrik;
 - (c) die verspreiding van agterstallige munisipale rekeninge oor die getal voorgestelde BBB's; en
 - (d) die risiko van oninbare skuld as gevolg van die laat betaling of niebetaling van die bykomende belasting deur voorgestelde BBB's.
- (4) Alle koste wat die aansoeker ten opsigte van die instelling van 'n stadsverbeteringsdistrik aangaan, is vir sy of haar eie rekening, met dien verstande dat die bestuursliggaam ná die implementering van die sakeplan sodanige koste hetsy gedeeltelik of ten volle aan die aansoeker kan terugbetaal, waarvoor daar in die begroting voorsiening gemaak moet word.
- (5) Wat die verkryging van skriftelike toestemming van die voorgestelde BBB's betref, is die meerderheidsvereiste ingevolge artikel 22(2)(b) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting soos volg:
 - (a) Vir 'n sakeverbeteringsdistrik, ten minste 50% plus een van die voorgestelde BBB's
 - (b) Vir 'n residensiële verbeteringsdistrik, ten minste 60% van die voorgestelde BBB's
 - (c) Vir 'n stadsverbeteringsdistrik vir gemengde gebruik:
 - (i) ten minste 60% van die voorgestelde BBB's indien meer as 40% van die distrik se belastingbasiswaarde uit residensiële eiendomme bestaan; en
 - (ii) ten minste 50% plus een van die voorgestelde BBB's indien minder as 40% van die distrik se belastingbasiswaarde uit residensiële eiendomme bestaan.
- (6) 'n Aansoeker moet 'n aansoek om die instelling van 'n stadsverbeteringsdistrik indien binne nege maande nadat die finale openbare vergadering ingevolge artikel 6(10) of 6(14) gehou is, of binne sodanige ander tydperk as wat die uitvoerende direkteur goedkeur.
- (7) Die uitvoerende direkteur moet binne 60 dae ná die ontvangs van die aansoek in subartikel (6) bepaal of die aansoek aan die vereistes in hierdie artikel sowel as artikel 4 en 6 voldoen.
- (8) Indien die uitvoerende direkteur nie sy/haar bepaling ingevolge subartikel (7) binne die tydperk van 60 dae bekend maak nie, word daar veronderstel dat hy of sy bevind het dat die aansoek aan die tersaaklike vereistes voldoen.

- (9) Die aansoek wat in subartikel (1) beoog word, moet -
- (a) op skrif wees, en in 'n vorm wat die uitvoerende direkteur kan bepaal;
 - (b) vergesel wees van: -
 - (i) die sakeplan, wat ten minste die inhoud en dokumente wat in bylae 1 by hierdie verordening gelys word, moet bevat;
 - (ii) die skriftelike toestemming van die meerderheid van die voorgestelde BBB's ingevolge subartikel (5), in 'n vorm wat die uitvoerende direkteur bepaal; en
 - (iii) betaling van sodanige fooi as wat die Raad kan bepaal.

Openbare deelname

6. (1) Enige aansoek om die bepaling van 'n stadsverbeteringsdistrik moet aan 'n openbaredeelnameproses onderwerp word.
- (2) Die aansoeker moet 'n openbaredeelnameplan vir die uitvoerende direkteur se goedkeuring indien en byhou. Die plan moet uiteensit hoe die aansoeker aan die bepalings van hierdie artikel sal voldoen op 'n manier wat die behoeftes en kenmerke van die plaaslike gemeenskap in ag neem, met vermelding van ten minste die volgende:
- (a) Kennisgewingmetodes;
 - (b) Inhoud, tale en media van kennisgewings en advertensies;
 - (c) Meganismes om gedurende die openbaredeelnameproses toegang tot dokumente te voorsien (wat minstens moet insluit dat dokumente by die kantore van die Stad en 'n neutrale lokaal in die voorgestelde distrik ter insae sal lê, of beskikbaar gestel sal word op 'n ander manier wat die uitvoerende direkteur goedkeur);
 - (d) Metodes vir oorlegpleging; en
 - (e) Lokale vir die voorgeskrewe openbare vergaderings in die voorgestelde distrik, of op 'n ander plek wat die uitvoerende direkteur goedkeur.
- (3) Die uitvoerende direkteur moet die openbaredeelnameplan binne 30 ná ontvangs daarvan goed- of afkeur. Indien nie, word daar veronderstel dat die uitvoerende direkteur die plan goedgekeur het.
- (4) Die aansoeker moet die proses wat in hierdie artikel voorgeskryf word, uitvoer ooreenkomstig die openbaredeelnameplan wat

ingevolge subartikel (3) goedgekeur is. Enige afwyking van die plan moet ten minste sewe dae voor die betrokke gebeurtenis onder die uitvoerende direkteur se aandag gebring word, wat die nienakoming van die plan kan kondoneer en regstellende stappe kan versoek soos wat hy of sy goeddink.

- (5) Die aansoeker moet 'n openbare vergadering by 'n goedgekeurde lokaal hou soos wat subartikel (2)(e) voorskryf, op 'n datum en tyd wat die plaaslike gemeenskap pas, vir oorlegpleging oor die inhoud van die konsepsakeplan.
- (6) Die aansoeker moet ten minste 14 dae voor die openbare vergadering en ooreenkomstig die proses wat subartikel (7) vereis, 'n skriftelike kennisgewing aan die plaaslike gemeenskap en enige ander belangstellende en geaffekteerde partye voorsien –
 - (a) wat die datum, tyd en lokaal van die vergadering aandui;
 - (b) wat die doel van die vergadering verduidelik;
 - (c) wat lede van die plaaslike gemeenskap en ander belangstellende en geaffekteerde partye nooi om hulle belangstelling in verdere inligting aan te dui, en om op die voorgestelde aansoek kommentaar te lewer;
 - (d) wat noem waar en wanneer lede van die plaaslike gemeenskap en ander belangstellende en geaffekteerde partye die konsepsakeplan kan bestudeer; en
 - (e) wat noem hoe en teen wanneer lede van die plaaslike gemeenskap en ander belangstellende en geaffekteerde partye skriftelike kommentaar op die voorgestelde aansoek en die konsepsakeplan kan indien.
- (7) Waar hierdie verordening vereis dat die aansoeker lede van die plaaslike gemeenskap van die voorgestelde aansoek en enige verbandhoudende openbaredeelnameproses in kennis stel, moet die aansoeker –
 - (a) skriftelik kennis gee op die manier waarvoor die goed-gekeurde openbaredeelnameplan voorsiening maak, welke kennisgewing moet gaan aan:
 - (i) alle voorgestelde BBB's in die voorgestelde stadsverbeteringsdistrik; en
 - (ii) alle ander lede van die plaaslike gemeenskap wat gelys word in die register soos voorgestel in die beleid oor stadsverbeteringsdistrikte;
 - (b) 'n advertensie in een Engelse en een Afrikaanse plaaslike dagblad plaas, of in 'n ander taal as Engels of Afrikaans

ingeval die plaaslike gemeenskap 'n bevolking van ten minste 30% nie-Afrikaans- en/of nie-Engelssprekendes insluit, met dien verstande dat die uitvoerende direkteur hierdie vereiste kan laat vaar indien daar grondige bewyse gelewer word dat die plaaslike gemeenskap deur middel van ander kommunikasiemetodes bereik kan word; en

- (c) enige redelike alternatiewe metode(s) volg om voorsiening te maak vir lede van die plaaslike gemeenskap wat weens ongeletterdheid, gestremdheid of enige ander belemmering nie kan deelneem nie.
- (8) Die aansoeker moet lede van die plaaslike gemeenskap 'n geleentheid gun om skriftelike kommentaar op die voorgestelde aansoek en die konsepsakeplan by die aansoeker in te dien tot ten minste 30 dae ná die datum van die openbare vergadering wat ingevolge subartikel (5) gehou is.
- (9) Die aansoeker moet toesien dat die kommentaar waarna subartikel (8) en (12) verwys in 'n bylae by die finale sakeplan vervat word, en dat sodanige kommentaar sowel as die aansoeker se reaksie daarop in tabelvorm aangeheg word by die aansoek waarna artikel 5 verwys.
- (10) Die aansoeker moet 'n tweede openbare vergadering hou om die inhoud van die finale sakeplan met die plaaslike gemeenskap te bespreek, welke vergadering ooreenkomstig die proses in subartikel (5) gehou moet word, buiten dat verwysings na die konsepsakeplan in daardie subartikels in so 'n geval as verwysings na die finale sakeplan beskou moet word.
- (11) Die aansoeker moet ten minste 14 dae voor die openbare vergadering wat in subartikel (10) beoog word, die plaaslike gemeenskap van die vergadering in kennis stel ooreenkomstig die voorgeskrewe proses in subartikel (6) en (7), buiten dat verwysings na die konsepsakeplan in daardie subartikels in so 'n geval as verwysings na die finale sakeplan beskou moet word.
- (12) Die aansoeker moet lede van die plaaslike gemeenskap ten minste 30 dae gun ná die datum van die openbare vergadering waarna subartikel (10) verwys om skriftelike kommentaar op die voorgestelde aansoek en die finale sakeplan by die aansoeker in te dien.
- (13) Die aansoeker moet toesien dat die kommentaar wat by die tweede openbare vergadering gelewer word, sowel as die skriftelike kommentaar waarna subartikel (12) verwys, in 'n bylae by die finale sakeplan vervat word, en dat sodanige kommentaar sowel as die aansoeker se reaksie daarop by die aansoek aangeheg word.

- (14) Indien die aansoeker besluit om enige wesenlike wysigings aan die finale sakeplan te maak, moet 'n verdere openbare vergadering binne 60 dae gehou word soos wat subartikel (10) beoog.
- (15) Die aansoeker kan die skriftelike toestemming waarna artikel 22(2)(b) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting verwys eers bekom nadat die finale sakeplan voorgelê is by die openbare vergadering wat subartikel (10) of (14) beoog.
- (16) Die aansoeker moet binne 14 dae ná die bekendmaking van die uitvoerende direkteur se besluit of veronderstelde goedkeuring, soos wat onderskeidelik artikel 5(7) en 5(8) beoog, die lede van die plaaslike gemeenskap ooreenkomstig subartikel (7) van die volgende in kennis stel -
 - (a) die indiening van die aansoek; en
 - (b) waar die aansoek en gepaardgaande dokumente ter insae sal lê.

Besluitneming

- 7. (1) Die Raad moet enige aansoek wat ingevolge artikel 5(6) ingedien word, oorweeg binne 120 dae ná die datum van die uitvoerende direkteur se besluit waarna artikel 5(7) verwys, en kan -
 - (a) die instelling van 'n stadsverbeteringsdistrik ooreenkomstig artikel 4 goedkeur;
 - (b) die aansoek afkeur, in welke geval die Raad die aansoeker binne 30 dae van skriftelike redes vir sodanige besluit moet voorsien; of
 - (c) die aansoek na die aansoeker terugverwys vir enige vereiste wysigings ooreenkomstig artikel 3(2).
- (2) Gewysigde aansoeke wat ingedien word ná afkeuring of terugverwysing ingevolge subartikel (1) kan deur die Raad oorweeg word, op voorwaarde dat -
 - (a) die gewysigde aansoek binne ses maande ná die tersaaklike Raadsbesluit ingedien word;
 - (b) die aansoek op gepaste wyse gewysig is in die lig van die redes waarom dit afgekeur of terugverwys is;
 - (c) in geval van enige wesenlike wysigings aan die sakeplan, die aansoeker -

- (i) 'n openbare vergadering gehou en 'n versoek vir skriftelike kommentaar gerig het ooreenkomstig die prosedure in artikel 6(12) tot (16); en
 - (ii) die meerderheid van die voorgestelde BBB's se skriftelike toestemming tot die gewysigde aansoek ingedien het ooreenkomstig artikel 6(15); en
- (d) die aansoek in alle ander opsigte aan artikel 5(9) voldoen.

HOOFSTUK 3 DIE BESTUURSLIGGAAM

Bestuursliggaamvereistes

8. (1) Die aansoeker moet 'n bestuursliggaam saamstel om die bepalings van die sakeplan te implementeer.
- (2) Die bestuursliggaam moet 'n maatskappy sonder winsoogmerk wees wat ooreenkomstig die voorskrifte van die Maatskappywet opgerig word.
- (3) Die bestuursliggaam se akte van oprigting moet vir die aanstelling van 'n maatskappysekretaris voorsiening maak.

Lidmaatskap

9. (1) Behoudens subartikel (2), is lidmaatskap van die bestuursliggaam beperk tot BBB's.
- (2) Indien die Stad 'n lid in die loop van enige termyn van die stadsverbeteringsdistrik ingevolge artikel 22(3) van die betaling van die bykomende belasting vrystel, word die persoon se lidmaatskap vanaf die datum van vrystelling beëindig. Indien die eienaar in die toekoms vir betaling van die bykomende belasting aanspreeklik word, kan hy of sy weer om lidmaatskap aansoek doen.
- (3) Elke lid is geregtig op een of meer stemme, wat in verhouding tot die munisipale waardasie van die lid se belasbare eiendom in die stadsverbeteringsdistrik bepaal kan word, op voorwaarde dat die totale getal stemme wat aan enige enkele lid of enige getal lede onder gemeenskaplike besit of gemeenskaplike beheer toegeken word, nie meer is as:
- (a) die maksimum getal wat die beleid oor stadsverbeteringsdistrikte in daardie stadium bepaal nie; en
 - (b) drie-en-dertig en 'n derde ($33\frac{1}{3}$) persent van die totale getal stemme wat uitgebring mag word nie.

Ledevergaderings

10. (1) Die direksie van die bestuursliggaam moet -
 - (a) binne ses maande ná die datum van oprigting die eerste ledevergadering hou; en
 - (b) een keer elke kalenderjaar 'n algemene jaarvergadering hou.
- (2) 'n Algemene jaarvergadering moet binne ses maande ná die einde van elke boekjaar gehou word.
- (3) Die volgende sake moet by die eerste ledevergadering hanteer word:
 - (a) Verkiesing van direkteure;
 - (b) Aanvaarding van nuwe lede;
 - (c) Aanstelling van 'n geregistreerde ouditeur vir die volgende boekjaar; en
 - (d) Goedkeuring van die implementeringsplan en jaarbegroting vir die volgende boekjaar.
- (4) Ten minste die volgende sake moet hanteer word by elke algemene jaarvergadering wat die bestuursliggaam belê:
 - (a) Die sake waarna subartikel (3) verwys;
 - (b) Die jaarverslag ten opsigte van die pas afgelope boekjaar; en
 - (c) Die voorlegging van die bestuursliggaam se geouditeerde finansiële state vir die pas afgelope boekjaar.
- (5) Ledevergaderings van die bestuursliggaam moet oop wees vir lede van die plaaslike gemeenskap, wat 'n redelike geleentheid gegun moet word om aan die sake van die vergadering deel te neem, wat insluit deelname aan beraadslaging oor enige voorgestelde besluit, maar nie stemming daaroor nie.
- (6) Die kennisgewing van elke ledevergadering moet bykomende-belastingbetalers (BBB's) inlig -
 - (a) dat hulle vir lidmaatskap van die bestuursliggaam in aanmerking kom;
 - (b) oor die proses om aansoek te doen om lidmaatskap; en
 - (c) dat indien hulle as lede aan die betrokke vergadering wil deelneem, hulle voor die duidelik aangeduide sperdatum in die kennisgewing om lidmaatskap kan aansoek doen.

Deursigtigheid

11. (1) Die bestuursliggaam moet op 'n deursigtige manier sake doen.
- (2) Die bestuursliggaam moet 'n webtuiste skep en byhou vir die publikasie van -
- (a) alle belangrike dokumente wat ingevolge artikel 5 by die Stad ingedien word, in pdf- of 'n soortgelyke formaat, op voorwaarde dat enige persoonlike inligting verwyder word;
 - (b) inligting met betrekking tot die dienste, projekte en aktiwiteite van die bestuursliggaam;
 - (c) die akte van oprigting;
 - (d) 'n ledelys van die bestuursliggaam, sonder enige persoonlike inligting;
 - (e) die bestuursliggaam se handleiding wat ingevolge artikel 14 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000, opgestel is;
 - (f) inligting oor die aanstelling, samestelling, aktiwiteite en prosesse van die bestuursliggaam se direksie;
 - (g) die finansiële en prestasie-inligting van die bestuursliggaam wat ingevolge hierdie verordening by die Stad ingedien word;
 - (h) die bestuursliggaam se reëls oor die verkryging van goedere en dienste;
 - (i) die bestuursliggaam se klagteprosedure; en
 - (j) inligting oor die ledevergaderings van die bestuursliggaam, waaronder kennisgewings, agendas en notules.

HOOFSTUK 4
DIREKSIE VAN DIE BESTUURSLIGGAAM

Korporatiewe beamptes

12. (1) Die direksie moet by die eerste direksievergadering ná elke algemene jaarvergadering uit eie geledere 'n voorsitter, ondervoorsitter en tesourier kies.

Gedragkode

13. (1) Die bestuursliggaam moet 'n gedragkode aanvaar wat ten minste uitvoering gee aan die pro forma-gedragkode waarvoor die beleid oor stadsverbeteringsdistrikte voorsiening maak.

- (2) Alle lede van die direksie moet hulle vergewis van, 'n afskrif onderteken van, en voldoen aan die gedragskode wat in subartikel (1) beoog word.

HOOFSTUK 5 FINANSIËLE VEREISTES

Boekjaar

14. Die boekjaar van die bestuursliggaam val saam met die boekjaar van die Stad, naamlik 1 Julie tot 30 Junie.

Jaarbegroting

15. (1) Die bestuursliggaam mag nie enige wesenlike uitgawes aangaan buiten uitgawes waarvoor 'n goedgekeurde begroting voorsiening maak nie.
- (2) Behoudens subartikel (4), moet die bestuursliggaam 'n voorgestelde jaarbegroting vir elke opeenvolgende boekjaar opstel, teen die datum en in die formaat wat die uitvoerende direkteur vereis, en sodanige begroting met of sonder wysigings aanvaar by 'n ledevergadering waarna artikel 10(3)(d) en 10(4)(a) verwys.
- (3) Uitgawes van die bestuursliggaam gedurende die eerste ses maande van die eerste boekjaar van 'n stadsverbeteringsdistrik se eerste vyfjaartermyn geskied volgens die goedgekeurde termynbegroting, waarna dit ingevolge artikel 16 aangepas kan word.
- (4) Die direksie moet die jaarbegroting by die uitvoerende direkteur indien, wat dit vir oorweging aan die Raad sal voorlê, op voorwaarde dat die begroting -
- (a) met die doel en oogmerke van stadsverbeteringsdistrikte strook soos wat artikel 3 dit beskryf;
 - (b) nie in stryd is met die Stad se geïntegreerde ontwikkelingsplan nie;
 - (c) voorsiening maak vir 'n billike toewysing van hulpbronne in die lig van die plaaslike gemeenskap se behoeftes en belange;
 - (d) voorsiening maak vir 'n billike en eweredige verspreiding van die finansiële las van die stadsverbeteringsdistrik tussen BBB's; en
 - (e) nie wesenlike wysigings aan die termynbegroting behels soos wat subartikel (5) beoog nie.

- (5) Raadsgoedkeuring ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedure in artikel 25(4) word vereis ten opsigte van enige begroting wat deur 'n ledevergadering aanvaar word wat voorsiening maak vir:
 - (a) 'n wesenlike toename in uitgawes wat deur die bykomende belasting gefinansier moet word bo sodanige totale uitgawes wat as deel van die termynbegroting vir die betrokke boekjaar goedgekeur is; of
 - (b) 'n hertoewysing van geld tussen bestedingslynitems in die termynbegroting vir die betrokke boekjaar wat die omvang of vlak van die bestuursliggaam se dienslewering wesenlik sal beïnvloed.

Aansuiweringsbegroting

- 16. (1) Die direksie kan 'n goedgekeurde jaarbegroting ooreenkomstig hierdie artikel deur middel van 'n aansuiweringsbegroting aanpas.
- (2) 'n Aansuiweringsbegroting kan:
 - (a) bykomende inkomste bo en behalwe die inkomste waarvoor die jaarbegroting voorsiening maak, aan dienste of projekte toeken waarvoor daar reeds begroot is, of aan nuwe dienste of projekte wat binne die bestek van die sakeplan val;
 - (b) onvoorsiene en onvermydelike uitgawes op aanbeveling van die direksie weerspieël;
 - (c) die aanwending van geprojekteerde besparings ten opsigte van 'n bestedingslynitem magtig deur dit na een of meer ander goedgekeurde bestedingslynitems te verskuif; en
 - (d) enige foute in die jaarbegroting regstel.
- (3) Voordat enige aansuiweringsbegroting goedgekeur word, moet die direksie die voorgestelde aansuiweringsbegroting aan die uitvoerende direkteur voorlê om na te gaan dat daar aan hierdie artikel en artikel 15(4) en 15(5) (met die nodige veranderinge na gelang van die konteks) voldoen word, en enige wysigings aanbring wat die uitvoerende direkteur vereis.

Finansiële bestuur en verslagdoening

- 17. (1) Die direksie moet -
 - (a) volledig en behoorlik boekhou van die finansiële sake van die bestuursliggaam;
 - (b) state en rekords ooreenkomstig die bepalings van die finansieringsooreenkoms indien;

- (c) vir elke boekjaar finansiële state opstel volgens die algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk vir maatskappye sonder winsoogmerk; en
 - (d) die geouditeerde finansiële state, en die verslag van die bestuursliggaam se ouditeure oor sodanige state, binne twee maande ná die einde van 'n boekjaar by die uitvoerende direkteur indien.
- (2) Die tesourier van die bestuursliggaam moet skriftelike finansiële verslae oor uitgawes, inkomste en banksaldo's opstel en dit aan die direksie voorlê om by elke direksievergadering na te gaan en te oorweeg.

Jaarverslag

18. (1) Binne drie maande ná die algemene jaarvergadering moet die bestuursliggaam die uitvoerende direkteur en die tersaaklike subraad/-rade van 'n jaarverslag voorsien oor vordering met die implementering van die sakeplan gedurende die vorige boekjaar, saam met die geouditeerde finansiële state en die ouditeursverslag wat by die algemene jaarvergadering aanvaar is.
- (2) Die jaarverslag en geouditeerde finansiële state waarna subartikel (1) verwys, moet -
- (a) 'n billike voorstelling bied van die stand van die bestuursliggaam, sy aktiwiteite, sy prestasie aan die hand van voorafbepaalde doelwitte, en sy finansiële posisie soos aan die einde van die betrokke boekjaar;
 - (b) besonderhede insluit oor -
 - (i) enige wesentliche verliese wat gelyk is as gevolg van misdadige gedrag en enige onreëlmatige of vrugtelose en verkwistende uitgawes gedurende 'n boekjaar;
 - (ii) enige strafregtelike of dissiplinêre stappe wat as gevolg van sodanige verliese of onreëlmatige of vrugtelose en verkwistende uitgawes gedoen is;
 - (iii) (aa) die bestuursliggaam se strategiese doelwitte wat in die goedgekeurde sakeplan vervat is;
 - (bb) die kernmaatstawwe en -aanwysers vir die beoordeling van prestasie in die strewe na sodanige doelwitte; en
 - (cc) die bestuursliggaam se werklike prestasie aan die hand van sodanige doelwitte; en
 - (iv) enige ander sake wat die uitvoerende direkteur kan vereis;

- (c) voldoen aan enige formaat- en inhoudsvereistes wat die beleid oor stadsverbeteringsdistrikte stel.
- (3) Ingeval die bestuursliggaam se ouditeur 'n gekwalifiseerde auditverslag uitreik, moet die direksie binne 'n maand nadat die dokumente in subartikel (1) aan die uitvoerende direkteur voorgelê is, sodanige uitvoerende direkteur ook in kennis stel van regstellende stappe wat gedoen is.
- (4) Ingeval die bestuursliggaam versuim om aan subartikels (1) tot (3) te voldoen, kan die uitvoerende direkteur oorbetalings van die bykomende belasting aan die bestuursliggaam terughou tot tyd en wyl die direksie sodanige nienakoming tot bevrediging van die uitvoerende direkteur regstel.
- (5) Die uitvoerende direkteur kan die Raad versoek om enige stadsverbeteringsdistrik te ontbind ingeval die ouditeur van die stadsverbeteringsdistrik 'n gekwalifiseerde auditmening oor twee of meer opeenvolgende jaarverslae uitspreek.

Ander verslagdoeningsvereistes

- 19. Die direksie moet teen 31 Augustus skriftelik aan die uitvoerende direkteur verslag doen oor die volgende sake met betrekking tot die vorige boekjaar:
 - (a) enige ernstige of voortdurende finansiële of bedryfsprobleme wat die stadsverbeteringsdistrik ondervind;
 - (b) enige onreëlmatige of vrugtelose en verkwistende uitgawes; en
 - (c) enige inmenging deur 'n raadslid in die finansiële of bedryfsake van die stadsverbeteringsdistrik.

HOOFSTUK 6 TOESIG DEUR DIE STAD

Algemeen

- 20. Die Stad monitor die bestuursliggaam se nakoming van die toepaslike bepalings van die Grondwet, hierdie verordening, enige riglyne of beleide wat die Stad aanvaar, en enige ooreenkomste tussen die bestuursliggaam en die Stad.

Direksiewaarnemers

- 21. (1) Elke subraad met hetsy volle of gedeeltelike jurisdiksie oor 'n stadsverbeteringsdistrik moet een raadslid en een plaasvervangende raadslid benoem om die direksievergaderings van die bestuursliggaam as 'n direksiewaarnemer by te woon.

- (2) Nadat die subraadsbenoemings ontvang is, kan die uitvoerende burgemeester van die Stad een of twee raadslede aanwys om die direksievergaderings van die bestuursliggaam as waarnemers by te woon, sowel as een plaasvervangende raadslid vir elke sodanige raadslid.
- (3) Behoudens subartikel (4) -
 - (a) is 'n direksiewaarnemer, mits hy of sy 'n direksiewaarnemerooreenkoms met die bestuursliggaam aangegaan het soos wat subartikel (d) beoog, daarop geregtig om:
 - (i) alle kennisgewings, notules en finansiële of ander verslae en dokumente te ontvang wat die bestuursliggaam aan die direksie en sy komitees voorsien, op dieselfde tyd en dieselfde manier as wat sodanige kennisgewings en materiaal aan lede van die direksie voorsien word;
 - (ii) vergaderings van die direksie en sy komitees by te woon;
 - (iii) inligting ten opsigte van die Stad se standpunt oor enigiets wat met hierdie verordening, die beleid of die finansieringsooreenkoms verband hou aan die direksie en sy komitees te voorsien indien die waarnemer so versoek word;
 - (b) is dit verbode vir 'n direksiewaarnemer om aan die sake van die direksie deel te neem op enige ander manier as wat in subartikel (3)(a) beoog word, en moet sodanige waarnemer hom of haar veral daarvan weerhou om:
 - (i) (aa) 'n mosie voor te stel;
 - (bb) aan beraadslagings deel te neem; of
 - (cc) oor 'n mosie te stem;
 - (ii) as voorsitter van 'n vergadering van die direksie of enige van sy komitees op te tree;
 - (iii) die sake en werksaamhede van die bestuursliggaam te bestuur;
 - (iv) 'n aanstelling as 'n gevolmagtigde van 'n ander lid van die direksie of sy komitees te aanvaar;
 - (v) enige vergoeding of terugbetaling van uitgawes wat deur die direksiewaarnemer aangegaan is van die bestuursliggaam te aanvaar;

- (vi) enige finansiële voordeel, hetsy direk of indirek, van die stadsverbeteringsdistrik te ontvang; en
 - (vii) inligting wat hy of sy in die loop van sy of haar pligte as direksiewaarnemer verkry, te gebruik om sy of haar direkte of indirekte persoonlike of privaat finansiële belange te bevorder;
- (c) word 'n direksiewaarnemer nie by die bepaling van 'n kworum by enige vergadering ingereken nie;
- (d) moet 'n direksiewaarnemer 'n direksiewaarnemerooreenkoms met die direksie aangaan wat -
- (i) die ongemagtigde gebruik of openbaarmaking van vertroulike inligting van die bestuursliggaam verbied, met uitsluiting van openbaarmakings aan die uitvoerende direkteur wat redelikerwys ingevolge subartikel (3)(e) vereis word; en
 - (ii) misbruik van die amp ter bevordering van privaat of persoonlike belange verhoed; en
 - (iii) die Stad teen aanspreeklikheid beskerm ingeval die waarnemer 'n oortreding begaan;
- (e) moet 'n direksiewaarnemer die stadsverbeteringsdistrik se nakoming van die bepalings van die verordening, die beleid, die Wet op Munisipale Eiendomsbelastingen die Grondwet moniteer en enige oortredings onder die uitvoerende direkteur se aandag bring;
- (f) moet 'n direksiewaarnemer die stadsverbeteringsdistrik se nakoming van die sakeplan en finansieringsooreenkoms moniteer en enige oortredings onder die uitvoerende direkteur se aandag bring;
- (g) moet 'n direksiewaarnemer die prestasie van die stadsverbeteringsdistrik moniteer om gepaste diensleweringstandaarde te verseker, en ondoeltreffende of ontoereikende dienslewering onder die uitvoerende direkteur se aandag bring; en
- (h) sal daar veronderstel word dat 'n direksiewaarnemer sy of haar amp ontruim het indien hy of sy die amp van raadslid verlaat soos wat artikel 27 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998, beoog, en sal die persoon ooreenkomstig subartikel (1) en (2) vervang word.

- (4) Die plaasvervangende direksiewaarnemer mag slegs 'n vergadering van die direksie en sy komitees bywoon indien die hoofdireksiewaarnemer nie beskikbaar of in staat is om daar te wees nie.
- (5) Die uitvoerende burgemeester kan die aanstelling van enige direksiewaarnemer beëindig, hetsy eensydig of in antwoord op 'n skriftelike versoek wat die betrokke bestuursliggaam by die uitvoerende direkteur indien, ingeval die direksiewaarnemer -
 - (a) versuim om sy of haar toesigverantwoordelikhede na te kom;
 - (b) in stryd met subartikel (3)(b) optree; of
 - (c) die direksiewaarnemerooreenkoms wat in subartikel (3)(d) beoog word wesenlik skend.
- (6) Voordat 'n raadslid se aanstelling as direksiewaarnemer ingevolge subartikel (5) beëindig word in antwoord op die skriftelike versoek van die betrokke bestuursliggaam, moet die uitvoerende burgemeester die aantyging na die Speaker verwys om die saak ingevolge die gedragskode vir raadslede te hanteer.
- (7) Die uitvoerende burgemeester moet die bestuursliggaam en betrokke raadslid van enige besluit ingevolge subartikel (5) in kennis stel.

HOOFSTUK 7

DIE BYKOMENDE BELASTING

Heffing van die bykomende belasting

22. (1) Die Raad sal 'n bykomende belasting hef op alle geskikte belasbare eiendomme in 'n stadsverbeteringsdistrik, vir elke boekjaar van die stadsverbeteringsdistrik se termyn, ooreenkomstig die bepalinge van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting.
- (2) Die bykomende belasting vir enige boekjaar van die stadsverbeteringsdistrik se termyn -
- (a) word bereken met verwysing na die totale voorgestelde uitgawes in die termynbegroting vir die betrokke tydperk wat deur die bykomende belasting gefinansier moet word, of enige moontlike wysiging van sodanige uitgawes ooreenkomstig artikel 15(5); en
 - (b) kan tussen kategorieë belasbare eiendom onderskei soos wat artikel 8 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting beoog.

- (3) Die Raad kan een of meer kategorieë BBB's van die bykomende belastingverpligting vrystel, soos wat die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting en die eiendomsbelastingbeleid beoog.
- (4) Die bykomende belastingverpligting is 'n skuldverpligting teenoor die Stad en is betaalbaar en word ingevorder op dieselfde manier as ander eiendomsbelasting wat die Raad oplê.

Oorbetaling van die bykomende belasting

23. (1) Behoudens subartikel (7), sal die Stad op of omstreeks die 25ste dag van elke maand 'n oorbetaling aan die bestuursliggaam maak van 'n twaalfde van die stadsverbeteringsdistrik se begroting wat die Raad vir daardie boekjaar goedgekeur het, minus die bydrae tot die deurlopende reserwe vir oninbare skuld wat in subartikel (3) beoog word.
- (2) Die Stad sal 'n deurlopende reserwe vir oninbare skuld skep en in stand hou om -
- (a) die risiko van enige tekort as gevolg van niebetaling van die bykomende belasting deur eiendomseienaars te beperk;
 - (b) voorsiening te maak vir oninbare skuld; en
 - (c) voorsiening te maak vir 'n moontlike heffingstekort indien die totale waardasiebasis afneem.
- (3) Die Stad sal 'n bedrag gelykstaande aan 3% van die maandelikse begrote bedrag wat aan die bestuursliggaam verskuldig is, in die deurlopende reserwe vir oninbare skuld hou, maar kan sodanige persentasie na goeddunke aanpas indien die bestuursliggaam in finansiële nood verkeer of in geval van wesenlike agterstallige belastingbetalings.
- (4) Ingeval die bestuursliggaam sy verslagdoening- en voldoeningspligte ingevolge hoofstuk 5 en 6 versuim, en ondanks die bepalinge van subartikel (1) tot (3), kan die Stad enige verskuldigde oorbetaling ingevolge subartikel (1) terughou tot tyd en wyl die betrokke versuim tot bevrediging van die uitvoerende direkteur reggestel is.
- (5) Enige surplus of tekort in bykomende belastingheffings word teen die deurlopende reserwe vir oninbare skuld vir daardie boekjaar verreken.
- (6) Ingeval die deurlopende reserwe vir oninbare skuld aan die einde van 'n boekjaar die opgelope agterstallige bedrag oorskry, sal die Stad 75% van sodanige oortollige bedrag teen 30 September van die volgende boekjaar aan die bestuursliggaam oorbetaal, wat as bykomende inkomste hanteer moet word.

- (7) Geen oorbetalings ingevolge subartikel (1) word gemaak sonder dat die Stad en die bestuursliggaam 'n finansiële ooreenkoms aangaan het wat onder meer die volgende reël nie -
- (a) die meganismes en metode van oorbetaling aan die bestuursliggaam; en
 - (b) die voorwaardes waarop oorbetalings aan die bestuursliggaam gemaak sal word.

Uitgawes

24. (1) Die bestuursliggaam mag enige geld, ongeag of dit uit die bykomende belasting, kommersiële aktiwiteite, skenkings of enige ander bronne kom, alleenlik uitgee op dienste, projekte of aktiwiteite wat hoofsaaklik tot voordeel van die stadsverbeteringsdistrik is, en soos wat artikel 15(1) voorskryf.
- (2) Wanneer die bestuursliggaam kontrakte met derde partye aangaan, moet hy -
- (a) die verkrygingsbeginsels in artikel 217 van die Grondwet nakom; en
 - (b) sorg dat die Stad nie vir enige van die bestuursliggaam se verpligtinge aanspreeklik is nie.

HOOFSTUK 8

WYSIGING VAN SAKEPLAN, EN VERLENGING VAN TERMYN

Toelaatbare wysigings aan die sakeplan sonder verdere toestemming

25. (1) Behoudens subartikel (2) tot (4), kan die uitvoerende direkteur sonder verdere toestemming van die BBB's die sakeplan op versoek van die bestuursliggaamdireksie wysig indien die sakeplan 'n bepaling bevat wat dít uitdruklik toelaat.
- (2) Die wysigings waarna subartikel (1) verwys, mag nie -
- (a) die geografiese grense van die stadsverbeteringsdistrik wesenlik verander nie;
 - (b) die voorwaardes van aanspreeklikheid vir, of die bedrag van, die bykomende belasting wesenlik aanpas nie;
 - (c) 'n wesenlike toename teweegbring in die goedgekeurde totale uitgawes wat ingevolge die termynbegroting vir daardie boekjaar deur die bykomende belasting gefinansier moet word nie (buiten geld wat op ander maniere bekom

word soos wat artikel 4(1)(b) beoog), tensy sodanige toename:

- (i) direk toe te skryf is aan eiendomsontwikkeling(s) in die stadsverbeteringsdistrik wat die getal BBB's aansienlik verhoog; en
 - (ii) deur die nuwe BBB's van sodanige ontwikkeling gedek word;
 - (d) die omvang of vlak van dienslewering deur die bestuursliggaam wesenlik verander nie.
- (3) Die direksie moet skriftelik kennis gee van die voorgestelde aansoek by die uitvoerende direkteur om die sakeplan te wysig volgens die voorgeskrewe prosedure wat ingevolge item 1(e) van bylae 1 in die sakeplan vervat is.
- (4) Aansoeke om wysiging wat ingevolge subartikel (1) by die uitvoerende direkteur ingedien word, moet -
- (a) op skrif wees, en in die formaat wat die uitvoerende direkteur vereis;
 - (b) vergesel wees van:
 - (i) 'n besluit van die bestuursliggaamdireksie of 'n ledevergadering wat die aansoek magtig;
 - (ii) 'n bewys van die skriftelike kennisgewing wat ingevolge subartikel (3) vereis word; en
 - (iii) enige administratiewe fooi wat die uitvoerende direkteur moontlik vir goedkeuring by die Raad aanbeveel.
- (5) Die uitvoerende direkteur kan die aansoek goedkeur indien hy of sy tevrede is dat -
- (a) die bestuursliggaamdireksie aan die vereistes in hierdie artikel voldoen het; en
 - (b) die aansoek in openbare belang is, met inagneming van onder andere die doelwitte en beginsels in artikel 3.

Wysigings aan die sakeplan wat verdere toestemming vereis

26. (1) 'n Bestuursliggaam kan ingevolge subartikel (2) by die Raad aansoek doen om die sakeplan in die volgende opsigte wesenlik te verander:
- (a) sakeplanbepalings wat nie by artikel 25 ingesluit is nie;

- (b) enige aanspreeklikheid vir, of die bedrag van, die bykomende belasting;
 - (c) enige wesenlike toename in die totale uitgawes wat ingevolge die termynbegroting vir daardie boekjaar deur die bykomende belasting gefinansier moet word, buiten 'n toename waarna artikel 25(2)(c) verwys;
 - (d) die omvang of vlak van dienste of projekte wat die bestuursliggaam lewer; of
 - (e) uitbreiding van die stadsverbeteringsdistrik se geografiese gebied.
- (2) Enige aansoek om wysiging van 'n stadsverbeteringsdistrik se sakeplan ingevolge subartikel (1) moet soos volg hanteer word:
- (a) Voordat enige aansoek ingevolge subartikel 1(e) 'n aanvang neem, moet die uitvoerende direkteur hom of haar daarvan vergewis dat die voorgestelde nuwe gebied vir uitbreiding 'n gemiddelde invorderingsverhouding handhaaf soos wat artikel 5(2) voorskryf. Die uitvoerende direkteur kan egter die minimum invorderingsverhouding na eie goeddunke ooreenkomstig artikel 5(3) aanpas.
 - (b) Die voorgestelde wysiging moet goedgekeur word by 'n ledevergadering van die bestuursliggaam wat ooreenkomstig artikel 10 belê is.
 - (c) Die bestuursliggaam moet die besluit wat subartikel (2)(b) beoog binne tien dae ná die tersaaklike ledevergadering op die stadsverbeteringsdistrik se webtuiste plaas.
 - (d) Die bestuursliggaam moet binne 45 dae ná die lede se besluit aan die openbaredeelnamereëls in artikel 6(2) tot (4) voldoen.
 - (e) Die bestuursliggaam moet binne 90 dae ná die lede se besluit 'n openbare vergadering hou om die voorgestelde aansoek om wysiging te bespreek.
 - (f) Die bestuursliggaam moet die plaaslike gemeenskap, die BBB's en, in geval van 'n voorgestelde uitbreiding ingevolge subartikel (1)(e), die voorgestelde BBB's skriftelik kennis gee van die openbare vergadering deur die voorgeskrewe prosedure in artikel 6(5) tot (9) te volg. Die skriftelike kennisgewing moet -
 - (i) 'n afskrif of samevatting van die besluit in subartikel (2)(b) bevat;
 - (ii) BBB's in kennis stel van hulle reg om binne 30 dae ná die openbare vergadering skriftelik en op die

voorgeskrewe vorms by die bestuursliggaam beswaar te maak; en

(iii) op rekord plaas dat die Raad die wysiging kan goedkeur indien skriftelike besware nie ontvang word nie van ten minste:

(aa) 40% van BBB's in 'n residensiële stadsverbeteringsdistrik; of

(bb) 50% plus een van die BBB's in enige ander subkategorie stadsverbeteringsdistrik.

(g) Die bestuursliggaam moet die plaaslike gemeenskap, BBB's en voorgestelde BBB's (indien van toepassing) 30 dae ná die openbare vergadering gun om kommentaar te lewer soos wat artikel 6(10) beoog, welke kommentaar ooreenkomstig artikel 6(13) in die aansoek om wysiging vervat moet word.

(h) Indien die bestuursliggaam, na aanleiding van die skriftelike kommentaar waarna subartikel (2)(g) verwys, enige wesenlike wysigings aan die aansoek aanbring, moet die bestuursliggaam 'n verdere openbare vergadering hou ooreenkomstig die prosedure wat artikel 6(12) tot (15) beoog.

(i) In geval van 'n voorgestelde uitbreiding ingevolge subartikel (1)(e) moet die bestuursliggaam, ná die openbare vergadering waarna subartikels (2)(e) of (2)(h) verwys, die skriftelike toestemming van die meerderheid van die voorgestelde BBB's bekom soos wat artikel 5(5) beoog.

(j) Ingeval minder as die vereiste getal BBB's in subartikel (2)(f)(iii) binne die vasgestelde tydperk van 30 dae skriftelike besware by die bestuursliggaam indien, moet die bestuursliggaam die aansoek om wysiging ooreenkomstig subartikel (5) aan die Raad voorlê. Hierdie aansoek moet nie later nie as 90 dae ná die datum van die openbare vergadering ingedien word, of binne sodanige verdere tydperk as wat die uitvoerende direkteur goedkeur.

(3) 'n Aansoek om wysiging wat die bestuursliggaam by die Raad indien, moet -

(a) op skrif wees, en in die formaat wat die uitvoerende direkteur kan bepaal;

(b) nie later nie as 90 dae ná die datum van die openbare vergadering ingedien word, of binne sodanige verdere tydperk as wat die uitvoerende direkteur moontlik goedkeur;

- (c) vergesel wees van:
 - (i) die gewysigde sakeplan, wat aan die inhoudsvereistes in bylae 1 by hierdie verordening moet voldoen en die voorgestelde wysigings duidelik moet aandui;
 - (ii) enige kommentaar wat ingevolge subartikel (2)(g), gelees in samehang met artikel 6(10) en (11), ná die openbare vergadering ontvang is;
 - (iii) in geval van 'n aansoek om uitbreiding ingevolge subartikel (1)(e):
 - (aa) enige skriftelike besware wat ooreenkomstig subartikel (2)(f)(ii) van BBB's ontvang is; en
 - (bb) die skriftelike toestemming van voorgestelde BBB's ooreenkomstig subartikel (2)(i); en
 - (iv) enige administratiewe fooi wat die uitvoerende direkteur moontlik vir goedkeuring by die Raad aanbeveel.
- (4) Die Raad kan 'n aansoek om wysiging goedkeur indien die Raad tevrede is dat -
 - (a) die bestuursliggaam aan die prosedure vir openbare deelname en toestemming in subartikel (2) voldoen het;
 - (b) in geval van 'n voorgestelde uitbreiding ingevolge subartikel (1)(e) -
 - (i) die vereiste getal BBB's in subartikel (2)(f)(iii) nie skriftelike besware ingedien het nie; en
 - (ii) die voorgestelde BBB's gedurende die pas afgelope 12 maande 'n gemiddelde invorderingsverhouding van minstens 95% gehandhaaf het ooreenkomstig sodanige prosedure as wat die beleid kan voorskryf, of 'n laer persentasie wat die uitvoerende direkteur dalk as gepas beskou met inagneming van onder andere die faktore in artikel 5(3); en
 - (c) die voorgestelde wysiging in openbare belang is, met inagneming van onder andere die doelwitte en beginsels in artikel 3.

Verlenging van die termyn van 'n stadsverbeteringsdistrik

27. (1) Behoudens subartikel (2) en (3), kan die Raad die termyn van 'n stadsverbeteringsdistrik met hoogstens vyf jaar verleng indien die bestuursliggaam skriftelik daarom aansoek doen.

- (2) Die bestuursliggaam kan soos volg om 'n verlenging van die termyn van die stadsverbeteringsdistrik aansoek doen:
- (a) Deur 'n skriftelike aansoek ingevolge artikel 5(9) op te stel.
 - (b) Deur lede van die bestuursliggaam, BBB's en die plaaslike gemeenskap in kennis te stel van die aansoek tesame met die skriftelike kennisgewing van die bestuursliggaam se laaste algemene jaarvergadering van sy vyfjaartermyn, en spesifiek te vermeld:
 - (i) dat die aansoek by die bestuursliggaam se kantore en die kantoor van die uitvoerende direkteur ter insae lê en ook op die bestuursliggaam se webtuiste verskyn;
 - (ii) dat 'n besluit om die aansoek in te dien, by die algemene jaarvergadering oorweeg sal word;
 - (iii) dat ingeval die besluit waarna subartikel (2)(b)(ii) verwys, goedgekeur word:
 - (aa) enige BBB wat teen die aansoek gekant is binne 30 dae ná die algemene jaarvergadering 'n skriftelike beswaar by die bestuursliggaam moet indien op die vorms wat by die kennisgewing ingesluit is of andersins deur die bestuursliggaam beskikbaar gestel sal word;
 - (bb) die Raad die aansoek kan goedkeur indien skriftelike besware nie van ten minste 40% van BBB's in 'n residensiële stadsverbeteringsdistrik of 51% van BBB's in enige ander subkategorie stadsverbeteringsdistrik ontvang word nie; en
 - (cc) lede van die plaaslike gemeenskap binne 30 dae ná die algemene jaarvergadering enige skriftelike kommentaar by die sekretaris van die bestuursliggaam kan indien.
 - (c) Ingeval die bestuursliggaam ná die algemene jaarvergadering enige wesenlike wysigings aan die sakeplan aanbring, moet die bestuursliggaam 'n verdere ledevergadering hou ooreenkomstig die kennisgewing-vereistes in subartikel (2)(b) om goedkeuring vir die gewysigde sakeplan te bekom én om ingevolge subartikel (2)(b)(iii) skriftelike besware en kommentaar te versoek (met die nodige veranderinge na gelang van die konteks).
 - (d) Ingeval die besluit waarna subartikel 2(b)(ii) verwys, aanvaar word, en minder as die vereiste getal BBB's skriftelike besware indien, moet die bestuursliggaam teen nie later nie

as 31 Januarie van enige kalenderjaar die volgende by die uitvoerende direkteur indien -

- (i) die vereiste aansoek ingevolge subartikel (2)(a);
- (ii) die sakeplan, wat aan die inhoudsvereistes in bylae 1 by hierdie verordening moet voldoen;
- (iii) 'n afskrif van die skriftelike kennisgewing wat subartikel (2)(b) vereis;
- (iv) enige skriftelike besware van BBB's wat ingevolge subartikel (2)(b)(iii)(aa) ontvang is;
- (v) 'n samevatting van enige kommentaar wat die bestuursliggaam ooreenkomstig subartikel (2)(b)(iii)(cc) en artikel 6(11) van die plaaslike gemeenskap ontvang het;
- (vi) die konsepnotule van die algemene jaarvergadering; en
- (vii) enige administratiewe fooi wat die uitvoerende direkteur moontlik vir goedkeuring by die Raad aanbeveel.

(3) By 'n Raadsvergadering so gou moontlik ná die indiening van die aansoek -

(a) moet die Raad bepaal of -

- (i) die aansoek aan die vereistes in artikel 5 (met die nodige veranderinge na gelang van die konteks) en subartikel 2(d) voldoen; en
- (ii) die bestuursliggaam aan die kennisgewingvereistes in subartikel (2)(b) voldoen het;

(b) moet die Raad die aansoek afkeur -

- (i) in geval van wesenlike nienakoming van die prosedurele vereistes in artikel 5, subartikel (2)(b) of subartikel (2)(c); of
- (ii) indien die vereiste getal BBB's in subartikel (2)(b)(iii)(bb) skriftelik teen die aansoek beswaar gemaak het soos wat subartikel 2(b)(iii)(aa) beoog;

(c) kan die Raad die aansoek met of sonder wysigings goedkeur; en

(d) kan die Raad die aansoek na die bestuursliggaam terugverwys vir enige wysigings aan die sakeplan wat die

Raad in die lig van die beginsels in artikel 3(2) as nodig beskou.

